

27 April

Skrifgedeelte: Job 14

Fokusgedeelte: Job 14:14

Waar lewe is, is hoop ...

Job voel vasgevang in sy situasie. Hy het alles gehad. Nou het hy niks. Doodsiek sit hy, worstel hy. Sy drie vriende se trooswoorde laat hom net dieper in die modder sink. Al wat hy ervaar, is onrus (3:17). Sy lewe – soos elke mens s'n – is so kort (14:1-2). En ja, God is teenwoordig, maar dit maak hom doodsbenoud (14:3-4).

Daarom begin Job onderhandel ... met God. Ag, Here, kyk tog net 'n tydjie weg, laat my tog net met rus (14:5-6). Ag, Here, wat van 'n nuwe lewe – soos 'n afgekapte boom wat weer uitloop (14:7-12)? Ag, Here, kan ek nie maar 'n tydjie doodgaan en dan weer hier op aarde kom verder leef nie (14:13)? Ag, Here, as ek tog net sou weet dat ek na my dood weer kan leef, dan sou ek moed en krag hê om nou verder te beur (14:14-17).

Maar ... al Job se onderhandelinge loop op niks uit. Die Here verpletter enige hoop wat hy gehad het (14:18-22). Job het hoopvol gewonder: *As 'n mens sterf, sal hy weer lewe?* Sy finale antwoord was donker, swart: *Néé!* Die mens sterf en verdwyn! So is Job in 'n doodloopstraat ... vasgevang.

En jy en ek? Die wonderlike genade is ... ons het 'n ander antwoord as Job. *As 'n mens sterf, sal hy weer lewe?* NATUURLIK ... IN JESUS CHRISTUS. Want ... Jesus leef, al het Hy gesterf. Jesus bewerk lewe ... met sy opstanding. Jesus gee lewe ... vir elkeen wat in Hom glo. Ja, JESUS ... IS ... LEWE.

Daarom het ons hoop. Daarom kan ons in Job se woorde uitroep: Ek kan al die dae van my swaarkry wag tot daar vir my 'n nuwe lewe kom! Al is ek in 'n donker gat. Al het ek my eggenoot verloor, my kind, my gesondheid, my huis, my werk. Ek kan verder. Want, ek kyk na Jesus. Ek leef uit Jesus. Ja, ek lewe! En waar lewe is, is hoop! Waar Jesus is, is hoop!

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds PW Kurpershoek (Middelburg, Mpumalanga)